Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 16 April 1947 Nr. 20.

# Erken Gevaar Dog Weier Optrede

## Smuts oor Kommunisme

**„Die Kommunistiese Party is 'n ondermynende, duiwelse evangelie. Hulle werk ondergronds. Dit is die beleid om te infiltreer — dis 'n mol-metode — en op die manier is hy in staat om invloed uit te oefen wat veel groter is as sy getalsterkte," Met hierdie paar sinne het die velm. J. C. Smuts die Kommunistiese Party vir wie hy gedurende die oorlog sy hoed afgehaal het, geteken toe hy verlede week in die volksraad gewys het op die wêreldwye gevaar van die kommuniste.**

Veldm. Smuts het gesê dat die gevaar van kommunisme nie net 'n vraagstuk vir Duitsland is nie, maar vir die hele wêreld. Stalin het destyds gesê dat kommunisme nie vir uitvoer is nie, *maar daardie verklaring is bewys nie waar te wees nie.* Spr. het beweer dat die mense wat hulle in ander lande kommuniste noem, niks met Rusland te doen het nie.

Dinge het 'n wending geneem. Die verslag van die Kanadese kommissie oor die kommunistiese spioenasie in daardie land is een van die merkwaardigste dokumente wat spr. in sy hele lewe gelees het, en die feite is verskriklik. *Dit blyk nou dat die stelsel wat in Kanada gevolg is, ook elders gevolg word.* Die V.S.A. is oortuig dat die spioenasie ook by hulle aan die gang is, en pres. Truman het gelas dat die kommuniste uit die staatsdiens gesit word. Genl. Smuts het gesê dat ons nie sulke mense in ons staatsdiens het nie.

In Suid-Afrika het ons 'n klein Kommunistiese Party, het spr. vervolg. Op sigself is die party klein en nietig en beteken hy niks. In die laaste algemene verkiesing het hy kandidate opgestel maar hulle is oral verslaan. *Die metode wat die party volg, is egter gevaarlik. Hulle werk ondergronds. Dit is die beleid om te infiltreer — dis 'n molmetode — en op die wyse word 'n invloed uitgeoefen wat veel groter is as sy getalsterkte.*

Die proses is ook besig om deur te werk in die vakbonde en die regering is besig om uit te vind wat aan die gang is.

Veldm. Smuts het gesê dat die regering van die feite bewus is en sy oë oophou, maar die Unie is geen polisie-staat en kan alleen optree as die wet verbreek word soos in die geval van die Randse goudmynstaking. *Die Unie is gebind deur sy demokratiese stelsel. Die woord „Kommunisme" verskyn nie in ons landswette nie.* Daar gebeur niks in die land wat nie aan die regering gerapporteer word nie. Daar moet onthou word dat die kommunisme 'n politieke geloof is. Dit is nie alleen 'n ondermynende, duiwelse evangelie nie, maar 'n politieke geloof *en solank hy op politieke terrein opereer, is dit moeilik vir die regering om tussenby te tree.*

## LANDING VAN VAN RIEBEECK HERDENK

Aan die Rand sowel as in Kaapstad is Van Riebeeck-fees die afgelope week gevier. In Kaapstad het prof. dr. D. Bosman by geleentheid van die viering die mening uitgespreek en bewyse aangevoer dat Jan van Riebeeck se dagverhaal deur homself geskryf is.

Aan die Rand het die jeug veral 'n groot aandeel aan die verrigtinge geneem. Boodskappe van Totius en mev. pres. Steyn is ook ontvang.

# Houding Sal Bepaal Word Indien Erkenning Uitbly

## Uitvoerende Raad se Besluit Insake Samewerking

**Die houding van die Ossewabrandwag in kiesafdelings waar hy nie deur die saamwerkende opposisiepartye erken word nie, sal ter gelegenertyd deur sy leiding bepaal word, volgens 'n verklaring van die Uitvoerende Raad van die Grootraad, wat voorverlede week in Johannesburg vergader het. Intussen sal die O.B. in kiesafdelings waar daar 'n gees van vriendskap teenoor hom bestaan, hom inskakel by die stryd.**

Die verklaring lui as volg:

Die U.R. sien die politieke toestand van ons vaderland in die lig dat die volgende jare vir die voortbestaan van die Afrikanerdom baie kritiek gaan wees. Met 'n groeiende golf van anti-blanke gevoel en met 'n gediskrediteerde en liberaalgeneigde regering is dit noodsaaklik dat alle kragte met die eerskomende verkiesing ingespan word om 'n gesonde en nasionaal-georiënteerde regering aan bewind te bring.

Die O.B. wat prinsipieel die partylose volkstaat voorstaan en dit as ideaal nastreef, wou nie sy gewig agter een of ander party in 'n Afrikaner-broederstryd inwerp nie. Onlangse gebeurtenisse aan die partypolitieke front het egter daardie beswaar tot 'n mate verwyder en ons verwelkom die samewerking tussen mnr. Havenga en dr. Malan as die eerste stap in die rigting van omvattende Afrikaner-samewerking soos deur die O.B. tydens die vorige algemene verkiesing voorgestaan, wat op sy beurt weer kan lei tot breëre samewerking tussen alle blankes wat net een trou Suid-Afrika huldig.

ERKENNING

Die begeerte van die O.B. as organisasie om die verkiesingstryd van die gesamentlike opposisie te steun, word vergemaklik deur die gewaardeerde uitnodiging van die een opposisieleier, mnr. Havenga, aan die O.B. om met erkenning van sy identiteit sy deel by te dra.

In kiesafdelings waar hierdie gees heers, sal hartlike inskakeling in die stryd sonder moeite geskied.

**Aan diegene wat nie bereid is om hierdie vriendskaplike erkenning te doen nie, wil die O.B. met nadruk sê dat hy terdeë daarvan bewus is dat sy bestaansreg as Beweging met 'n historiese roeping nie van hul erkenning maar wel van die oordeel van die geskiedenis afhang. Daardie oordeel wag die O.B. met gerustheid af. Intussen gaan hy met enige ondersteuningsaksie sy identiteit behou en hy sal bepaal wat die vorm en die inhoud van sy ondersteuningsaksie gaan wees in afsonderlike kiesafdelings waar anti-O.B.-gesinde kandidate die opposisie verteenwoordig.**


Aan sy eie lede gee die O.B. die versekering dat hulle duidelike leiding te gelegener tyd sal ontvang en dat die verloop van die ontwikkelinge die tydstip van die leiding sal bepaal.

Namens die U.R. van die Grootraad. (J. F. J. van Rensburg — komdt-generaal).

## SIEN DERDE OORLOG KOM

„As ons nie met Rusland tot 'n verstandhouding kan geraak nie, lyk dit of wêreldoorlog No. 3 onvermydelik is," het Henry Wallace, voormalige onderpresident van die V.S.A. verlede week verklaar. Hy het gesê dat Amerika in die volgende drie maande 'n beleid kan neerlê wat tot oorlog kan lei.

## LOODS OORBODIG



**Die taak van loodse wat langafstandvlugte onderneem, is aansienlik vergemaklik deur die uitvinding van 'n outomatiese loods wat in staat is om die beheer oor die vliegtuig uit die hande van die loods te neem. Wanneer die loods wil rus, skakel hy hierdie wonder-apparaat aan deur middel van 'n knoppie op die skakelbord. Dit is dus nou nie meer nodig dat twee loodse 'n vliegtuig wat 'n lang reis onderneem, beman nie. Die apparaat word teen geringe koste in swaar sowel as ligte vliegtuie aangebring. Die foto toon deskundiges besig om die outomatiese loods inmekaar te sit.**

# Immigrante Druk Unieburgers Uit

## Haarkappers Gaan Staak

Kapenaars word bedreig met die moontlikheid om dalk binnekort met lang hare te loop omdat hulle niemand sal vind wat bereid sal wees om hul hare te skeer nie. Op 'n monstervergadering wat verlede week in die stad gehou is, het lede van die Haarkappersvakbond met meerderheid van stemme besluit om na 23 April te staak indien hul werkgewers nie aan hul eise voldoen nie.

Hulle eis dat vroue-haarkappers 'n minimum salaris van £5 per week moet ontvang asook drie weke verlof per jaar.

**Op die vergadering is verklaar dat as gevolg van immigrante wat die land binnegekom het, verskeie lede van die vakbond werkloos geraak het.**

## Indiërs Se Reuse-Aanwas

**Statistieke van die Durbanse gesondheidsdepartement toon dat daar gedurende Maart 367 Indiër-kinders gebore is teenoor 196 blanke kinders. Gedurende Februarie was die Indiër-geboortes 193 meer as dié van die blankes. Hulle oortref ook die naturelle-aanwas.**

## Springboklegioen Word Politieke Beweging

**Die Springboklegioen, die sogenaamde oud-soldate organisasie wie se leier ene Isaacowitz is, het verlede week tydens 'n kongres aan die Rand besluit om voortaan 'n aktiewe rol in die politiek in Suid-Afrika te speel. Hy wil ook deelneem aan die ekonomiese en sosiale lewe van Suid-Afrika.**

Hulle het verder besluit om by die regering aan te dring om die besluit van die V.V.O. oor Suidwes uit te voer en om met die Indiërs in Suid-Afrika te onderhandel. Voorts sal by die regering daarop aangedring word dat die Nazi-Duitsers uit S.W.A. verwyder moet word en om op te tree teen die „fascistiese" liggame in Suid-Afrika. Hulle het ook te velde getrek teen die boikotbeweging.

## Bou Goedkoop En Duursame Huise

'n Metode om 'n huis wat normaalweg sowat £3,000 sou gekos het teen 'n lae koste van £1,500 te bou, en dit binne ses weke te voltooi, is ontwerp deur mnr. W. Williams van Durban. Hy het reeds bewys gelewer dat hy daartoe instaat is deur 'n huis met vyf vertrekke binne die kort periode van ses weke te voltooi.

Die huis is gebou van beton, is koel in die somer en warm in die winter. Mnr. Williams sien in hierdie boumetode 'n kans om die huis-tekort op 'n goedkoop en doeltreffende manier te verlig. Hy het verklaar dat hy minder arbeid en materiaal gebruik as voorheen. Hy het slegs bietjie meer sement gebruik as wat met 'n gewone huis nodig is.

Hy het reeds verskeie kontrakte aanvaar vir die bou van soortgelyke huise.

# Smuts Nou Bekommerd Oor Duitsland

## Is Teleurgesteld Met Grotes

**„Die stadium wat ons bereik het, is net so gevaarlik soos enige stadium gedurende die oorlog," het die Eerste Minister, veldm. J. C. Smuts, verlede week met verwysing na die onheilspellende internasionale toestand, in die volksraad verklaar. Hy het ook erken dat hy teleurgestel is met die vordering wat in die rigting van samewerking tussen die verskillende moondhede gemaak is. Die poging om Duitsland te versnipper het hy ten sterkste afgekeur en verklaar dat indien Duitsland wat die hart van Europa is, versnipper word, die hele Europa vernietig sal word.**

In verband met die huidige wêreldtoestand het genl. Smuts gesê dat hy erken dat daar 'n groot mate van teleurstelling is met die verloop van sake. Wat die wêreld verwag het, is nie verwesenlik nie. Daar het nie eensgesindheid gekom nie en daar moet na 'n oplossing gesoek word.

Soos sake vandag verloop, is dit duidelik dat die wêreld in twee verdeel word, die Ooste en die Weste. Tensy daar samewerking tussen die twee kampe kom, is die toekoms onuitspreeklik donker vir die mensdom. Spr. het verklaar dat dit noodlottig sal wees om op hierdie stadium Suid-Afrika van die res van die wêreld te isoleer.

Met verwysing na die oorlogsmaatreëls het genl. Smuts gesê dat hy hoop om gedurende hierdie sessie nog wetgewing in te dien wat dit sal ophef. In die wetsontwerp sal 'n tydsbepaling vir die maatreëls wat nog noodsaaklik beskou word, vasgestel word.

DUITSLAND


Spr. het verwys na die posisie van Duitsland. Al word die pragtigste vredesverdrag opgestel en die vraagstuk van Duitsland word nie opgelos nie, sal daardie verdrag op sand gebou wees. Tensy 'n mens die regte oplossing vind op 'n eerlike en standhoudende basis, sal jy nie 'n aanhoudende vrede kry nie. **Hy het gesê dat die ooreenkoms nie op wraak gegrond moet wees nie. Daar word niks goed uit wraak gebore nie.**

Daar word pogings aangewend om Duitsland te versnipper en so b.v. die Ruhr-gebied wat die hart van Duitsland is, af te sny. **Spr. sien geen sin in die versnippering nie. Duitsland is die industriële hart van Europa wat die ander lande gevoed het. Mens het hier 'n nasie wat die hart van Europa is, en as jy die hart versnipper, versnipper jy nie net die hart nie maar versnipper jy die hele Europa.**

Die beleid is blykbaar om die lewenstandaard van Duitsland net so laag te hou soos die lande rondom hom. Indien dit gebeur, kan 'n mens daar 'n toestand kry wat 'n verpeste en vernietigende invloed gaan hê. Die stadium wat ons nou bereik het, is net so gevaarlik soos enige stadium gedurende die oorlog. Spr. het die hoop uitgespreek dat daar 'n oplossing gevind sal word.

Veldm. Smuts het gesê dat die gebruik van Duitse krygsgevangenes in Frankryk en Rusland na slawerny lyk en dat dit nie met die Konvensie van Geneve strook nie.

# ONTNUGTER



Genl. Smuts in San Francisco na sy eerste vergadering twee jaar gelede, toe hy hom baie hoopvol uitgelaat het oor die Grotes se vermoë om vrede te bewaar. Vandag is hy teleurgesteld en wantrouig teenoor die toekoms. Aan sy linkerkant stap Trygve Lie, indertyd Noorse minister van buitelandse sake, en tans sekretaris van die V.V.O. — 'n liggaam wat vandag allerweë as 'n mislukking aanvaar word.

# Wat Het Geword Van Duitse Gevangenes?

**Hoewel berigte besonder skraal is, dui die inligting wat van Russiese bronne deursypel daarop dat etlike honderdduisende, indien nie miljoene, Duitse soldate wat deur die Russe gedurende die oorlog krygsgevange geneem en na Rusland ontvoer is, op een of ander geheimsinnige manier verdwyn het. Indien hulle op die gebruiklike wyse deur die kommuniste gelikwideer is, sal daar geen haan ooit weer na hulle kraai nie. Die herinnering aan die massa-moord op Poolse offisiere by Katyn deur die Russe onderstreep 'n sombere vermoede.**

Die Russiese regering het onlangs bekend gemaak dat daar nog net 890,532 Duitse soldate in krygsgevangeneskap in Rusland verkeer. **Hierdie mededeling wat deur die wêreld met verbasing aangehoor is, het verbystering in Duitsland laat ontstaan en daar word getwyfel of baie vroue ooit weer hul mans sal sien. Volgens 'n opname wat in Duitsland gemaak is, en nadat die gesneuweldes en soldate wat nog in Franse, Amerikaanse en Engelse hande is, afgetrek is, is bereken dat daar minstens tussen 3,000,000 en 4,000,000 Duitse soldate nog in Rusland moet wees.**

BETWYFEL

Sedert die staking van vyandelikhede het die wêreld homself afgevra hoeveel Duitse soldate nog in Rusland sou verkeer. Van verskeie kante is daarop aangedring dat Rusland bekend moet maak hoeveel Duitsers nog in sy besit is. Rusland het egter tot 'n maand gelede die swye bewaar en toe skielik aangekondig dat daar nog sowat 890,000 Duitse soldate in Rusland is.

Die aartsbiskop van Keulen het tydens 'n besoek aan Birmingham verklaar dat die Duitse volk die syfers van die Russe in twyfel trek. Volgens hulle berekening moet daar baie meer wees, het hy gesê.

MILITêRE MAG?

**Volgens die Overseas Intelligence Digest is die Russe besig om die oorgeblewe Duitse krygsgevangenes diep in Rusland vir militêre doeleindes op te lei onder die Duitse aanvoerders Von Paulus en Siedlitz.**

Aangesien niemand in Rusland vryelik toegelaat word nie, is geen onafhanklike inligting beskikbaar nie. In elk geval is die posisie van Duitse krygsgevangenes in Rusland dié van slawe, soos genl. Smuts nou ook erken het.

# Indiërs Word Benoud

**Die Indiër-boikot in Transvaal bedreig hierdie handelaars reeds in so 'n mate met ondergang dat hulle 'n smeekbede aan die Eerste Minister en Minister van Justisie gerig het waarin hulle vra dat die regering tog moet optree en 'n einde maak aan die boikot.**

Hierdie geroep gaan op van die Transvaalse Indiërkongres. Hulle vra dat die regering geregtelike stappe moet doen teen die leiers van die boikot-beweging. Die sekretaris van die kongres het ook 'n telegram aan lede van die volksraad gerig om die saak in die raad aanhangig te maak.

Daar is verklaar dat sommige mense die reg in hulle eie hande geneem het en wag staan voor Indiër-winkels om blankes te versoek om nie by die Indiërs te handel nie.

# Siekes Dra Gesondes

## Suikerbaronne se Vet Winste

**Onderwyl die groot suikerbase in Natal bystand van die regering ontvang het, het hulle die afgelope tien jaar ontsaglike winste gemaak. So groot is hul winste dat die Raad van Handel en Nywerheid in sy verslag oor die suikernywerheid aanbeveel dat die maksimum kleinhandelspryse van suiker verminder moet word. Inmiddels is suiker na die buiteland teen gesubsidieerde pryse uitgevoer, hoofsaaklik na Engeland.**

Die Raad beveel aan dat die maksimum verkoopsprys van suiker vanaf 1 Mei met een oortjie per pond verminder word. Die syfers wat die verslag aanhaal is gegrond op die boeke van dertien van die suikerbaronne wie se gemiddelde winste sedert 1940 £918,000 per jaar was. Die raad verklaar voorts dat dié produsente gedurende die afgelope jaar geen bystand van die regering nodig gehad het nie, hoewel hulle dit tog ontvang het.

Die raad beveel aan dat die ooreenkoms van 1933 in hersiening geneem moet word.

Volgens die ooreenkoms moes 'n groot deel van die suikeroes na die buiteland uitgevoer word, en om hierdie uitvoer moontlik te maak, is die verbruikersprys binne die Unie verhoog. **In die afgelope jare is hierdie ooreenkoms uitgevoer ondanks 'n suikertekort in Suid-Afrika en ten spyte daarvan dat die wêreldprys van suiker ver hoër was as in die Unie. Op hierdie wyse is suiker teen belaglike lae prys na Engeland uitgevoer en moes die verbruiker in die Unie byna dubbel soveel in sy eie land daarvoor betaal. Toe die wêreldprys vir suiker in 1946 soveel as £43 per ton was, het die Unie suiker na Brittanje uitgevoer teen £12 per ton, terwyl die verbruiker in die Unie suiker teen £22 per ton moes koop om te vergoed vir die laer prys wat die Britse verbruiker betaal. Hierdie wantoestand is deur die regering gehandhaaf en is nou veroordeel deur die Raad van Handel en Nywerheid.**


*Kennis van die*

# WêRELDSAKE

*Vereis Bestudering van STAATKUNDE.*

*Skaf die volgende Boeke vir u aan.*

DIE MODERNE STAAT
deur Prof. L. J. du Plessis — 2/6 posvry.

HEAR THE OTHER SIDE.
The Afrikaner and German Side — 2/9 posvry.

THE GREAT GLOBE ITSELF
By W. C. Bullitt — — 11/9 posvry.
„The only totalitarian imperialism that threatens war to-day is the Soviet Union."

THE DARK SIDE OF THE MOON — 16/6 posvry.
„Consists of a selection of personal narratives of Poles who have suffered during the Russian occupation."

THE SOVIET IMPACT ON THE WESTERN WORLD
By Prof. E. H. Carr — 7/3 posvry.

REPORT ON THE RUSSIANS
By W. L. White — — 13/6 posvry.

MY ANSWER, by Oswald Mosley.
REPORT FROM GERMANY,
By Leonard O. Mosley — — 5/3 posvry.

*SUID-AFRIKA*

'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG
Deur Prof. dr. G. Cronje — — 13/- posvry.
'n Blywende oplossing van S.A. se rassevraagstukke.

AFRIKA SONDER DIE ASIAAT
Deur Prof. dr. G. Cronje — — 13/- posvry.

BEHIND THE PRESS IN SOUTH AFRICA
H. Lindsay Smith — — — 9/3 posvry.

THERE ARE NO SOUTH AFRICANS
By G. H. Calpin — — 13/6 posvry.

# Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29 STELLENBOSCH

# KOMMUNISTE MAAK SKEURING

**Kommunistiese invloede in die S.A. Vak- en Arbeidsraad het verlede week tydens die liggaam se kongres in Port Elizabeth 'n skeuring veroorsaak met die gevolg dat sewe sterk vakbonde hulle onttrek het. Dit is duidelik dat die vakbonde onder kommunistiese beheer die liggaam in die toekoms sal oorheers.**

Die agitasie van kommunistiese kant was so sterk dat die voorsitter, mnr. A. J. Downes, in sy openingsrede kwaai te velde getrek het teen die „uiterste groepe" en hulle gedaag het om òf by die meerderheidsbesluite te berus òf te trap. Hy het na hulle verwys as aanhangers van vreemde ideologieë" wat eise stel wat op die huidige tydstip onmoontlik is, sommige met afsku vervul en ander in die kamp van onverskilliges dryf.

'n Mosie van wantroue in die bestuur is voorgestel deur mnr. E. S. Sachs en is aanvanklik aangeneem met 79 stemme teen 56. Toe 'n kaartjiestemming geëis is, is dit egter verwerp deur dat 26 vakbonde wat 64,020 werkers verteenwoordig daarteen en 59 vakbonde wat 54,926 werkers verteenwoordig ten gunste daarvan gestem het.

NAELSKRAAP

Later het mnr. Sachs voorgestel dat die kaartjie-stelsel afgeskaf word, d.w.s. dat daar gestem moet word volgens die afgevaardigdes alleen en nie op grond van die ledetal van vakbonde nie. Hierdie voorstel, wat jaarliks ingedien word, is hierdie keer net naelskraap verwerp met 66,497 kaartjiestemme teen 61,807. Aanvanklik is dit met 88 teen 50 in 'n regstreekse stemming aangeneem.

Toe 'n voorstel dat naturelle gehelp moet word om 'n vakbond apart van die blanke organisasies te stig, verwerp is, het die afgevaardigdes van ses vakbonde uitgestap. 'n Sewende vakbond t.w. die Ingenieursvakbond, het reeds tydens die wantroue-besprekings kennis gegee van uittrede. Die afgevaardigdes wat uitgestap het, is mnre. G. N. Beetge (Vuurhoutjiewerkers); L. J. van den Berg, W. J. le Roux, C. J. Roos en A. J. Pienaar (Staalwerkers); J. C. C. Botha (Dranken Verversingswerkers); G. C. van der Merwe (Staatsdiens en Provinsiale Raadswerkers); M. J. Palm (Bouvakvereniging); J. J. van der Walt (Vleishandel, Pretoria).

KOMMUNISME

In 'n verklaring wat hulle uit gereik het, verklaar die uitgetredenes dat die leer van gelykstelling van alle rasse sedert die stigting van die Vak- en Arbeidsraad as slagkreet aangehef is. **„Hierdie beleid moet nou in belang van die blanke en nie-blanke werker verander word omdat dit van die Kommuniste afkomstig is en veroorsaak dat die naturel uitgebuit word."** Daar word voorts die oortuiging uitgespreek dat die afgevaardigdes na die jaarkongresse nie die wense van die blanke werkers vertolk nie. „In die omstandighede het ons besluit om by ons onderskeie vakbonde aan te beveel om dit ernstig te oorweeg of 'n nuwe koordinerende liggaam vir vakbonde nie in die lewe geroep moet word nie, 'n organsasie waarin dit nie vir die kommuniste moontlik sal wees om hul idees te verkondig nie."

STERKER

Die Kommunistiesgeneigde vleuel het hom deeglik in die nuwe bestuur van die S.A. Vak- en Arbeidsraad ingegrawe. Met die verkiesing verlede week op die kongres in Port Elizabeth het hulle behalwe die ondervoorsitterskap in die persoon van mnr. J. J. Venter, 'n hele paar poste verower. Onder ander is bekende linksgesindes soos I Wolfson, Johanna Cornelius en B. du Toit op die bestuur geplaas.

'n Kommunis het sy tevredenheid met die nuwe bestuur openlik uitgespreek.

Opvoeding maak 'n volk maklik om te lei, moeilik om te dryf en onmoontlik om te verslaaf.

Party-propaganda verslaaf 'n volk sonder om 'n juiste weergawe van volksake te gee. U eie dagblad vertolk volksideale en bepleit die volksaak. Koop Perskor-aandele.

## *Bloedoortapping Vir Vryburg*

VRYBURG. — Ter geleentheid van die jaarlikse vergadering van die S.A. Noodhulpliga is die volgende bestuur gekies vir die lopende jaar:

Veldkornette: Mev. ds. D. C. S. van der Merwe; kapteine: mev. Dreyer; 1ste luitenante: mev. Davis; 2de luitenante: mej. Joubert.

Die hoofbesprekingspunt was die wenslikheid om hier op Vryburg 'n bloedoortappingsdépôt in die lewe te roep. Die vergadering het besluit om dadelik hiermee te begin en fondse in te samel deur 'n funksie in die vorm van 'n tuinparty te reël in ons plaaslike park.

Die gewaardeerde vergunning van die stadsraad is hiervoor verkry en die funksie sal binnekort plaasvind. By hierdie geleentheid sal die ambulans wat deur die Noodhulpliga-tak aangekoop is, aan die afdelings- en dorpraad oorhandig word. Die voorneme is om 'n werklike puik namiddag te reël. 'n Orkes, versersings by aparte tafels, en 'n fantasiekostuumparade vir die kinders, sluit maar 'n deel in van die interessante program.

'n Volledige program sal eersdaags in die Stellalander verskyn. (Korr.).

# Ingevoerde Parasiet Word Nou Pes

## Groentetuine Aangetas

**Veeboere in Noord-Oostelike Kaapland en die Middellande voel besorg oor die feit dat hul doringlose turksvye wat hulle met groot sorg aangeplant het met die doel om dit in droogtejare as veevoer en ook as skuiling vir die vee te gebruik, deur die ingevoerde pes, cochinille en cactoblastis, vernietig word, sonder dat hulle in staat is om iets daaraan te doen. Waar die pes nie meer turksvye het om te verteer nie, is dit besig om groentetuine binne te val**

Aanvanklik het die boere gretig van die pes gebruik gemaak om die wilde turksvye wat nutteloos teen die berghange gepryk het, te vernietig sodat dit plek kan maak vir voedsame veeweiding. Nou kom dit aan die lig dat die parasiete hulle nie net beperk tot die turksvye wat uitgeroei moet word nie, maar dat hulle ook uitgebrei het tot die ander aangeplante turksvye.

Dat hierdie parasiet in staat is om homself etlike myle ver te versprei en voort te plant sonder menslike hulp, blyk uit die feit dat verskeie plase in Noordoos-Kaapland, waar geen parasiete in die turksvye gelaat is nie, die aangeplante doringlose turksvye reeds in 'n gevorderde stadium van vernietiging verkeer.

Ook in die Vrystaat het boere, luidens berigte, reeds met hierdie pes te kampe, terwyl berigte uit Kaapland meld dat die cochinille reeds die groentetuine begin inneem.

TAMATIES

Toe hierdie plaag etlike jare gelede deur die regering ingevoer is, is daarop gewys dat naas turksvye die plaag ook besonder lief is vir tamaties. **Hierdie waarskuwing het nou bewaarheid geword en die tamaties van boere in die nabyheid van Oudtshoorn word reeds deur die plaag vernietig. Verskeie boere het die pes in hul tuine opgemerk. Ook pampoene word aangeval.**

Die moeilikheid met die plaag is dat die boere geen metode of middel kan vind om dit aan bande te lê of uit te roei nie. Indien die regering nie dadelik stappe doen om deur navorsing 'n middel te vind om die plaag aan perke te lê nie, sal dit groot verliese vir die boere teweegbring.

## *Volksraadslede En Fooie*

Die besprekings oor eerbaarheid van parlementslede is verlede week in die volksraad hervat na aanleiding van die verslag van die komitee oor die reglement van orde wat bevind het dat mnr. Goldberg, teen wie 'n aanklag deur mnr. Marwick ingebring is dat hy geld ontvang het om 'n minister in belang van iemand in sy kiesafdeling te spreek, hom nie skuldig gemaak het aan 'n oortreding deur dit te doen nie. **Die komitee het nogtans aanbeveel dat lede geen fooie moet ontvang vir werk wat hulle in hul hoedanigheid as volksverteenwoordigers doen nie, aangesien dit kleinerend is.**

Mnr. Marwick het sy eerste aanklag opgevolg met twee verdere briewe waarin beweer word dat mnr. Goldberg bedrae van £75 en £50 onderskeidelik sou ontvang het vir onderhoude met 'n minister. Mnr. Goldberg het ontken dat dit vir parlementêre werk was. 'n Voorstel van mnr. Marwick dat die saak na die komitee terug verwys word, is deur die raad verwerp.

Stuur u POSBESTELLINGS vir
• KANTOORBENODIGDHEDE en
• SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

*U Koop Altoos Die Jongste Modelle*
• HOEDE
• TABBERDS
• JASTE, ENS.
*by —*
**Steyns**
*Die Modewinkel*
PAROW

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

TOT U DIENS . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
• DRAAI
• PAS
• SWEISWERK
Wynnestraat 13 — PAROW
Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

*Beskerm u Oë*
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence
EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408


## KO-OPERATIEVE WIJNBOUWERS VERENIGING VAN ZUID-AFRIKA, BEPERKT.

(Geregistreer kragtens die Wet op Koöp. Verenigings, 1939).

KENNISGEWING AAN LEDE INSAKE INTREKKING VAN AANDELE.

Lede wat hul wynboerdery opgegee het en wat begerig is om hul aandele kragtens die bepaling van Artikel 21 van die Statuut van die Vereniging te laat intrek (waarna die K.W.V. die nominale waarde van 10/- per aandeel aan hulle sal uitbetaal), word versoek om sonder versuim met die Hoofkantoor skriftelik daaromtrent in verbinding te tree.

Sodanige intrekking kan egter slegs deur 'n besluit van die lede op 'n algemene vergadering geskied en aangesien die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging binnekort gehou sal word, moet alle aansoeke vir intrekking van aandele tesame met die betrokke sertifikate die Hoofkantoor van die Vereniging, Posbus 528, Zuider-Paarl, voor 30 April 1947 bereik.



GEKLEUR VIR
NUWE DIENS
KLEURSPESIALITEITE
PAARL STOOMWASSERY
Posbus 35 Foon 214
DIE PAARL
HUGENOOTSTASIE.
*(Goedere Halftarief)*
★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

„DIE O.B." WOENSDAG, 16 APRIL 1947

# Wat Hou Hom Terug?

Genl. Smuts het hom verlede week in die parlement oor die kommuniste uitgelaat op 'n tydstip toe die geheime hand van hierdie bolsjewistiese voorpos 'n skeuring in die arbeidsgeledere veroorsaak het. Hierdie feit sowel as die onthullings in die Amerikaanse amptelike verslae het moontlik daartoe bygedra om 'n erkenning uit genl. Smuts se mond af te pers dat die kommuniste se optrede — hul „metode", soos hy dit noem — gevaarlik is. Hy het dit 'n molmetode genoem, die beleid om te infiltreer en magsposisies in hande te kry, ver buite verhouding tot hul getalsterkte.

Daar is lank gewag op hierdie erkenning, want in die verlede het die regering soos 'n halsstarrige sot volgehou dat hier geen kommunistiese gevaar in Suid-Afrika bestaan nie. **Sy minister van justisie (en tans arbeid) was en is nog steeds president van die kommunistiese groep wat hulself verskuil agter die mooiklinkende naam „Vriende van die Sowjet" — die sogenaamde „medereisigers" van die kommunistiese party.**

Nou dat genl. Smuts die gevaar erken het, sal die volk graag wil weet wat hy gaan doen om dit die hoof te bied. **Sy antwoord is egter dat daar niks gedoen sal word nie, maar dat die kommuniste „dop gehou sal word."** Hierdie dophouding geskied al sedert die eerste wêreldoorlog en nog geen klip is in hul pad gerol nie ondanks die feit dat die invloed van hierdie „klein groepie" tans so sterk geword het dat hulle tienduisende naturelle kan mobiliseer op korte kennisgewings soos al geblyk het uit stakings en Meidagvierings, **en dat hulle en hul „mede-reisigers" die gesamentlike verteenwoordiging van die vakbonde al oorstem, soos blyk uit die botsings binne die S.A. Trades and Labour Council verlede week in Port Elizabeth.** Soos die posisie tans is, oorheers die kommunistiese vleuel hierdie arbeidsraad sover dit afgevaardigdes betref en is die posisie tot verlede week nog net gered deur die stelsel van kaart-stemming, waarvolgens gestem word op grondslag van die ledekrag in plaas van vakbondverteenwoordigers, en selfs hierdie stelsel sal, ná die uittrede van 'n hele aantal anti-kommunistiese vakbonde binnekort omvergewerp word.

**MEERDERHEID**

As daar een ding is wat baie duidelik aantoon hoe wyd die invloed van die kommuniste reeds binne die vakbondwese strek, is **dit hierdie feit dat hulle op 'n grondslag van afgevaardigdes die meerderheid van werkers reeds oorstem in die hoogste arbeidsliggaam.** Volgens die uitslag van die stemming oor 'n mosie van wantroue in die bestuur, blyk dit dat hierdie mense 59 vakbonde met 'n gesamentlike ledetal van 54,926 beheer het teenoor 26 vakbonde met 'n gesamentlike ledetal van 64,020. **Ondanks hul agterstand in getalle, beheer hierdie „klein groepie" dus meer as tweemaal soveel vakbonde as die konserwatiewe elemente. Dit is die gevolg van hul doeltreffende infiltrasie waardeur egte vakbonde omgeskep word in propaganda-unies wat die weg moet voorberei vir 'n kommunistiese groep.**

Amerika, waar die kommunistiese party nog steeds 'n onbenullige persentasie van die bevolking gevorm het, het die staat nou na deeglike ondersoek ingegryp en die land op drastiese wyse begin suiwer van hierdie vyfde kolonners. In Suid-Afrika, waar die kommuniste 'n veel groter invloed uitoefen weens hul greep op die nie-blanke oorwig, verklaar die Eerste Minister dat die woord „kommunisme" nie in ons wetboek voorkom nie, en dat daar nie opgetree kan word nie weens ons „liberale en demokratiese stelsel." **Dat die woord Ossewabrandwag en Broederbond ook nie in die Wetboek voorgekom het nie, het nogtans nie verhinder dat die huidige handlangerbewind teen hierdie landseuns opgetree het soos Amerika tans teen die kommuniste optree nie.** Wat is dan die rede dat die regering weier om die kommunisme daadwerklik te beveg? Is dit omdat hulle 'n beskermheer in die kabinet het wat as hoof-intrigant van die Empire-party vir genl. Smuts onmisbaar is? Is dit omdat hier 'n Bolsjewistiese diplomatieke korps aanwesig is wat blykbaar so belangrik is dat selfs die Unie se radio-hoof aan hulle moet gaan apologeer wanneer iets teen Russiese koerante gesê word? **Of is dit omdat moeder Engeland se regering met sy sestig kommunistiese volksverteenwoordigers in sy boesem nog nie maatreëls teen die kommuniste getref het nie, maar inteendeel die Russiese gesant wat weens die spioenasie-skandaal uit Kanada moes padgee, met ope arms ontvang het? Ons weet mos dat Engeland eers moet optree voordat ons handlangerbewind in beweging kom, maar sê nou Engeland tree nie op nie of hy tree te laat op?**

# Treindiens Nog Meer Ontwrig

Die treindienste moes nogmaals ingekort word vanweë die sloerstaking van die vakmanne in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Reeds tien voorstedelike treine is in Kaapstad gekanselleer, terwyl verskeie treine op die hooflyne, waaronder die Blou Trein, reeds veertien dae gelede van die rooster geskrap is.

Amptenare het verklaar dat indien daar nie tot een of ander verstandhouding geraak kan word nie, die treindienste nog meer sal agteruitgaan. Die werkers is vasberade om by hulle eise te staan.

Intussen hoop die waens en lokomotiewe wat by die werkplase herstel moet word, al meer en meer op.

Die hoofbestuur van die vereniging van ambagsmanne vergader môre in Johannesburg. Op hierdie vergadering sal besluit word wat die verdere optrede van die vakmanne sal wees.

# Godlose Leiers Oorsaak Van Britse Verval?

**Die gedagte dat Engeland se verval en teisterings toegeskryf moet word aan die feit dat hy vandag geen godvresende staatsmanne aan bewind het nie, word uitgespreek deur die bekende joernalis en politieke kenner, Kenneth de Courcy.**

„Wat het met Engeland gebeur?" vra hy in 'n artikel wat hy opgestel het in die vorm van 'n brief van 'n vriendskaplike diplomaat in Londen. „In die groot dae van my voorgangers het die reuse wat hierdie land regeer of gedien het, sekere gemeenskaplike eienskappe gehad. Meeste van hulle het veel persoonlike gerief prysgegee ten einde die moeilike taak op hulle te neem om 'n land en ryk van ongeëwenaarde grootheid en invloed te regeer. Byna niemand van hulle het iets ontvang vir hul openbare dienste nie. Vir meeste het dit dié dinge gekos wat hulle die graagste begeer het, toewyding aan studie, sport, reis of bestuur van groot besittings.

*„Vandag word Brittanje regeer deur manne wat alles te wen het uit hul ampte, vir wie politiek 'n winsgewende beroep is, manne vir wie politiek feitlik 'n oneindige persoonlike voordeel meebring. Baie van hulle, inderdaad die meerderheid van hulle, het geen suksesvolle private loopbane nie.*

GODSDIENSTIG

„Die ou reuse was almal tot 'n sekere mate (en sommige in 'n baie groot mate) Godvresend. Meeste van hulle, inderdaad almal van hulle, het 'n diepgaande geloof in God gehad en Hom aanbid. Hulle sou nooit daaraan gedink het dat iets duursaams sonder daardie fondament gebou kon word nie.

„Is dit moontlik dat sulke mense maar net emosioneel was? Was hul prestasies so dat ons hul godsdiens maar net as kaf kan opsyskuif? En wat was die gevolge? Brittanje was toe geweldig sterk, ryk en groot. „Vandag is 'n groot aantal van die kabinet oortuigde ongelowiges, en baie van die volk ook. Wat 'n verbasende verandering! *Kan dit moontlik 'n verklaring wees vir die agteruitgang in welvaart, invloed en waardigheid van hierdie beroemde volk? Ek wonder."*


SHINWELL

Die skrywer wy veral 'n paragraaf aan die minister wat verantwoordelik is vir die brandstof waaraan daar tans so 'n tekort is, die heer Shinwell. „Wat is die agtergrond van hierdie merkwaardige mnr. Shinwell?" vra hy. *„Volgens Peter Howard, 'n bekende skrywer in die Sunday Express, het sy grootvader na Engeland gekom uit Pole met die naam, 'Shinwald'. Sy ministeriële kleinseun, gebore uit Joodse ouers, het die skool verlaat op elfjarige leeftyd en 'n tabakwaseun geword en later 'n kleremaker se masjinis. In sy vroeëre jare was Shinwell 'n uitgesproke godlose (ateïs) verbonde aan die Secular Movement in Skotland namens wie hy ook toesprake gehou het.*

„Die staking in 1919 het tot onluste gelei. Shinwell is tot vyf maande tronkstraf veroordeel. Sewe jaar later toe hy sekretaris was van die verenigde seemansvakbond, is hy verhoor op aanklag van aanranding en vir ses maande die plig opgelê om vreedsaam te leef. *Dan natuurlik is daar die bekende geval toe hy Robert Bower, Konserwatiewe lid vir Cleveland, in die laerhuis geslaan het . . ."*

# NATAL VERLOOR 'N GROOT KRAG

UTRECHT. — Die hele samelewing van Utrecht en omgewing was diep geskok toe berig ontvang is van die tragiese afsterwe van komdt. Karel Meiring, as gevolg van 'n motorongeluk, die nag van



Wyle Komdt. Meiring

Sondag, 6 April, op pad na Utrecht vanaf Kroonstad waarheen hy sy eggenote geneem het.

Volgens afleiding van diegene wat sy lyk gevind het, moes hy aan 'n hartaanval beswyk het sodat sy motor die pad verlaat, en omgeslaan het.

Die kommando van D2C3 betreur sy heengaan diep en sal nog lank terug dink aan hom as Afrikaner, vriend, en kameraad! Geniaal, vriendelik en opgeruimd, altyd bemoedigend by ontmoeting, het hy die gawe besit om almal sy vriende te maak sonder een jota van beginsel prys te gee. Alle dele van die samelewing het geweet waar Karel Meiring staan, op sosiale, politieke en geestelike gebied. Met 'n hart wat warm geklop het vir sy mede-Afrikaners, en 'n hart wat altyd oop was vir sy volksaak en sy kerk, het hy gedien. Komdt. Meiring is vir ons 'n voorbeeld wat moeilik ge-ewenaar kan word.

Die O.B. van D2C3 is in diepe rou oor sy heengaan. Die lewe wat hy onder ons gelei het, is sy monument, die nalewing van sy voorbeeld, is ons taak. (Korr.).

# Geesdrif Vir O.B.-Gedagte

TZANEEN. — 'n Besondere gesellige funksie is gereël deur die Laeveld vroue-kommando en is bygewoon deur die manne-kommando.

Onder die skadu van reuse bome op die plaas van veldkt. Nic. van Schalkwyk het die funksie plaasgevind.

Komdt en komdte. Buitendag het die offisiere en brandwagte asook buitestaanders welkom geheet.

Daarna is word gebraai. In die middag het genl. J. J. Eloff die aanwesiges toegespreek.

Geesdrif het van begin tot end geheers. (Eie berig).

# Ontheiliging Van Die Sabbat

**Uit vrees dat die aankoms van die Britse koning op Sondag, 20 April, aanleiding mag gee tot grootskaalse Sabbatsontheiliging het die gesamentlike Kommissies vir die Bestryding van Sosiale Euwels besluit om omsendbriewe aan alle predikante en Sondagskoolonderwysers van die Skiereiland te stuur waarin hulle gevra word om 'n beroep op hul gemeentes en kinders te doen om nie op daardie dag in die strate saam te drom nie met die oog op Sabbatsontheiliging.**

**In Kaapstad word daar reeds nuwe voorbereidings getref om die Britse koning op Sondag 'n lawaaierige ontvangs te gee. Al die sitplekke langs die strate is reeds deur die koningaanbidders bespreek.**

# HULLE WOU DIE KONING NIE SIEN

(Eie Korrespondent)

PRETORIA. — Gedurende die naweek van 29 Maart (die dag waarop die koning van Engeland Pretoria binnegekom het), het die Brandwagte van die Pretoria kommando's met motors en vragmotors uit die stad vertrek om op 'n plaas in die distrik 'n gesamentlike laertrek te hou. Die offisier in bevel van die kamp was komdt. J. Prinsloo van die Moot.

Ten spyte van uiters ongunstige weersomstandighede het 'n groot aantal Brandwagte 'n aangename, koninglose naweek in die opelug deurgebring.

In weerwil van stortbuie wat telkens uitgesak het, het die verrigtinge baie ordelik en volgens program verloop.

Teen die aand het die reën bedaar en kon 'n baie genoeglike aand om die kampvuur deurgebring word. Treffendste van die verrigtinge om die vuur was 'n toespraak deur mnr. J. A. Lombard, waarin hy die werklike betekenis verduidelik het van die Ossewabrandwag se leuse: „MY GOD, MY VOLK, MY LAND, SUID-AFRIKA."

# Russe Weier Vroue Af te Staan

Vyftien Russiese vroue wat met Britse soldate getroud is, sit in Rusland vasgekeer omdat Stalin weier om hulle die land uit te laat gaan. Die vroue sukkel al meer as 'n jaar lank om Stalin te beweeg om hulle toe te laat om na Brittanje te verhuis, waar hul mans gretig op hulle sit en wag.

Die Russiese regering weier halsstarrig om gehoor te gee aan die versoek van die vroue. Selfs die persoonlike vertoë van Bevin, Britse minister van buitelandse sake, nadat die Britse gesantskap gefaal het, het geen hond haaraf gemaak nie. Die Russe het hulle nie eens verwerdig om Bevin van 'n antwoord te bedien nie.

Nog geen rede is aangevoer waarom hulle nie verlofbriewe om die land te verlaat, wil toestaan nie. Aan die vroue self het die Russe te kenne gegee dat hulle nie toestemming kan kry nie omdat Rusland al sy burgers nodig het. Volgens die verklaring sou die vroue indien hulle die land verlaat, in werklikheid hul werk laat staan.

Inmiddels het die Russe gedurende Maart ook 'n bevel uitgevaardig waarin 'n verbod geplaas is op huwelike van Russiese vroue met mans van vreemde moondhede. Huwelike sover as 1937 word hierdeur getref.

Met die besoek van die Russiese afvaardiging aan Engeland het die Britte hul kans waargeneem en hulle probeer beweeg om die saak in Rusland by die Opperste Sowjet aanhangig te maak. Die Russe het belowe om die versoek voor te lê maar hul verbasing uitgespreek oor die feit dat die saak soveel aandag in die Britse pers geniet.

# Uniforms Vir Wie en Wat?

Die bestelling van 1,500,000 militêre uniforms wat Amerika in Engeland geplaas het, het die argwaan van die wêreld gaande gemaak en geen bevredigende verklaring oor die doel daarvan kan verkry word nie.

Die bestelling wat ongeveer £2,500,000 bedra, is deur die Britte van die hand gewys as gevolg van die inkorting van Brittanje se produksie-vermoë. Fabrikante by wie die bestelling geplaas is, kan dit nie kleinkry nie omdat dit bekend is dat Amerika nog self baie wol het om te verwerk. Na berig word, probeer Amerika die bestelling in Duitsland plaas.

# „Rusland 'n Groot Tronk"

Die Cape Argus, wat tydens die oorlog graag gepraat het van die „afgesaagde kommunistiese paaiboelie" wat van nasionale kant dan voorgehou word, en twee jaar gelede nog die mond vol gehad het van die voortreflikhede van die Russiese bewind en die pragtige samewerking met Rusland wat die Afrikaners dan wil bederf, het nou skielik uitgevind dat die Russiese staat sedert die afgelope twintig jaar nog altyd 'n groot „tronk" vir sy onderdane was. Tot hierdie slotsom kom die blad nou nadat 'n paar Britse soldate deur Stalin se huweliksban getref is.

Die blad skryf: „Die blote feit dat nòg Stalin, nòg sy regering bereid is om toe te laat dat hierdie vroue Rusland verlaat, en die rede wat aangevoer word — dat die Sowjet-unie elkeen van sy burgers nodig het — is bedrog. Die waarheid lê dieper. Sedert die revolusie in 1917 is die volk van die Sowjet so goed as in die tronk gegooi en die mees strenge maatreëls is getref, en word vandag nog afgedwing om hul ‚ontsnapping' te voorkom. Permitte om die land te verlaat word nie alleen aan jong en liggaamlik gesonde persone geweier nie, maar ook aan ou en verswaktes en aan lastige applikante word te verstaan gegee dat verdere pogings hulle in onguns by die owerheid sal bring. In die eerste jare van die rewolusie was die verduideliking wat aangebied is, dat die Russe wat verkies om die land te verlaat, kontra-rewolusioniste is wie die Sowjet verkies om onder bewaking te hou. Vandag is die kontra-rewolusie en die kontrarewolusioniste dood. Daarom vind die Sowjet 'n nuwe ekskuus in die tekort aan mannekrag en is skynbaar so desperaat in die behoefte aan arbeidskragte dat hy nie vyftien vroue uit 'n bevolking van 180 miljoen mense kan spaar nie.

„Is dit moontlik dat die eintlike waarheid van die saak die begeerte van die Sowjet is om nie soseer beslag te lê op die burgers van die Sowjet, as die waarheid omtrent Rusland nie? Die gordyn word telkens weggetrek deur teruggekeerde perskorrespondente soos W. H. Chamberlain en Alex. Werth maar die omvang van die inligting wat hulle in staat is om te gee, word ernstig beperk deur die aan bande lê van die bewegings van persmanne in Rusland en hul beperkte kontakpunte. In die geval van die Russiese volk is dit anders. Hulle weet. Miskien weet hulle te veel en dit mag een van die redes wees vir die ystergordyn — en vir Stalin se onvermoë om paspoorte aan 15 vroue uit te reik."

# ‚Was Geen Vakansie Vir Koning'

Die Engelse pers in Suid-Afrika wat aanvanklik met groot opskrifte aangekondig het dat die Britse koning en sy gevolg 'n vakansie in Suid-Afrika kom deurbring, vind dit nou nodig om hulle woorde weer in te sluk en moet erken dat dit geen vakansie vir die koning was nie.

Nou dat die toer van die Britse gesin in Suid-Afrika byna voltooi is, verklaar die Cape Times: „Vir die eerste keer word die koning se afgematheid vermeld. . . Ek het geen twyfel dat dit geen vakansie vir die koning was nie. Sy toer in Suid-Afrika het net die las wat hy gedurende die oorlog op sy skouers gehad het, vermeerder." Om bietjie duideliker te wees: die koning moes die bande van die Britse Ryk nouer trek daar hul dreig om uitmekaar te val, en dit was 'n uitputtende taak!

# Net Seëls Met Koning se Kop

Dit het die afgelope week twee keer gebeur dat lede van die publiek in Kaapstad nie in staat was om gewone posseëls oor die toonbank by die poskantoor te koop nie. Daar was slegs seëls met die kop van die Britse koning daarop verkrygbaar. Diegene wat verkies het om seëls te koop sonder die kop van die koning, moes sonder seëls gaan of tevrede wees om hul briewe met die kop van die Britse koning te ontsier.

Navrae het aan die lig gebring dat daar genoeg ander seëls in voorraad was maar dat die betrokke amptenare om een of ander rede nie die moeite gedoen het om gewone seëls uit die brandkamer te haal nie en so meegedoen het om die Britse koning aan die publiek op te dring.

'n Gek is 'n persoon wat nog nooit 'n eksperiment gemaak het nie.

Om Perskor-aandele te koop is geen eksperiment nie. Dis 'n volksaak.

# Boerejeug Weier Koning te Sien en Medaljes Te Neem

ROEDTAN, Tvl. — Die pragtige republikeinse gees van Roedtan se Boerejeug het 'n besieling geword vir baie buitestaanders.

Tagtig van die honderd-en-tien kinders in die plaaslike skool het botweg geweier om die medalje van die koning te ontvang.

Aan die kinders is gesê dat reëlings vir vervoer getref sal word vir diegene wat die koning op Pietersburg wil besoek. Niemand was geïnteresseerd nie. 'n Doodse stilte het geheers onderwyl elkeen die geleentheid gekry het om na vore te tree en sy medalje te ontvang.

Die meeste kinders het hulle koppe weggedraai of laat sak, omdat hulle dit nie eers wou sien nie en gesê: „Nee dankie meneer, ek wil dit nie hê nie."

Hulle het later op 'n vergadering gesê: „Ons wil die koning nie eens sien nie. Ons het ook niks op Pietersburg verloor nie. Ons het 'n President verloor ja, en ons wil weer 'n President hê."

Die kommando se gees is soos nog nooit te vore. Daeliks word nuwe lede ingeskryf, en die samewerking is pragtig.

Vroeg in volgende kwartaal word 'n braaivleisaand gereël waarop om die kampvuur die aanbou van jukskei- en 'n skietbaan bespreek sal word. (Korr.)


DIE KUNS VAN DIE MEESTER . . .

Die kok se kennis bepaal die waarde van U maal . . . 'n Soortgelyke deskundigheid verseker U van die waarde van Kommando-sigarette.



RONDE
Kommando
-SIGARETTE
OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES
B.H. 2357

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl

Volkskas - Aandele
KENNISGEWING
Vir algemene inligting word hiermee bekend gemaak dat daar nog 'n beperkte aantal (gewone) VOLKSKAS-aandele vir inskrywing beskikbaar is.
Vollediger besonderhede is vervat in die betrokke prospektus waarvan eksemplare verkrygbaar is van alle takke of van die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria.
VOLKSKAS BEPERK
ARBEIDSAAMHEID
Bankiers
PRETORIA.
Hoofkantoor:


REISPROGRAM
GENL. W. R. LAUBSCHER

in Generaalskap A15

| | | |
|---|---|---|
| 17 APRIL | KEIMOES | 7.30 n.m. |
| 18 APRIL | KANON EILAND | 7.30 n.m. |
| 19 APRIL | UPINGTON | 7.30 n.m. |

in Generaalskap A17

| | | |
|---|---|---|
| 21 APRIL | KAROS | 7.30 n.m. |
| 22 APRIL | GROOTDRINK | 7.30 n.m. |
| 23 APRIL | GROBLERSHOOP | 7.30 n.m. |
| 24 APRIL | NIEKERKSHOOP | 3.30 n.m. |
| 25 APRIL | PRIESKA | 7.30 n.m. |
| 26 APRIL | MARYDALE | 3.30 n.m. |

Generaalsraadvergadering A13
28 APRIL CARNARVON (Gedenksaal) 2 n.m.

Alle Vriende en Belangstellendes word Hartlik Uitgenooi Bogenoemde Vergaderings by te woon.

# Sterfbed-Bespiegelings Oor Brittanje

**Die onlangse oorstromings in Brittanje het die Britse finansiële posisie so versleg dat die Amerikaanse lening van £937,000,000 waarvan omtrent een-derde binne tien maande reeds verbruik is, nie voldoende sal wees om Engeland uit sy na-oorlogse ekonomiese krisis te help nie, en in sekere Amerikaanse kringe word reeds propaganda gemaak vir 'n tweede lening wat die bankrotskap van Engeland sal afrond.**

Die kern van die saak is dat Engeland met die geweldige verlies van sy oes en met 'n deel van sy land nog onder water, baie meer voedsel sal moet invoer en sy Amerikaanse dollar-lening sal moet gebruik om daarvoor te betaal in plaas van vir die aankoop van produktiewe goedere soos nywerheidsmasjinerie.

Tydens die steenkoolkrisis het Britse deskundiges daarop gereken dat Engeland teen die middel van die somer weer normaalweg sou kon herstel. **Die waterramp het hierdie hoop heeltemal verydel.**

Uit Brittanje word berig dat die Britse publiek hulle tans die vraag stel of die Britse regering wat verkeerd gewed het op die steenkoolposisie nie ook verkeerd gewed het op die dollar-lening nie. Hulle meen dat Engeland baie meer dollar kan spaar deur minder luukse Amerikaanse sigarette, gedroogde eiers en Hollywood-films met die lening aan te koop.

Amerikaanse waarnemers wonder vandag of die feit dat Engeland moet afstand doen van sy naam as 'n eersterangse moondheid ook beteken dat Engeland nooit weer sal kan herstel nie.

Kennis is die kosbaarste van alle skatte, want dit kan nie gesteel, weggegee of verbruik word nie.

U eie dagblad sal u kennis gee van die waarheid omtrent u volk en omtrent wêreldsake. Koop Perskor-aandele.

## *Grotes Vorder Niks Met Vredesverdrag*

Die sogenaamde Vier Grotes, d.w.s. die ministers van buitelandse sake van Amerika, Engeland Rusland en Frankryk, is al vir ruim ses weke besig om in Moskou te beraadslaag oor 'n vredesverdrag met Duitsland. Daar is tot sover nog nie oor 'n enkele punt van betekenis ooreengestem nie. Die Westerse moondhede onder leiding van Amerika, dring o.a. aan op 'n hersiening van die Duitse grense met insluiting van die Oos-grens, wat indertyd deur Churchill en Roosevelt ten bate van Stalin vermink en later in Potsdam bekragtig is. Rusland hou hom egter aan die Potsdam-ooreenkoms as finaal, terwyl die ander besef dat so 'n reëling Duitsland vir altyd onbeholpe sal hou.

Origens moet die vergadering ook worstel met onredelike eise van Frankryk ten opsigte van inlywing van die Saargebied. Sapa-Reuter berig dat Amerikaanse en Britse deskundiges hierdie eis reeds goed gekeur het.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

# Tvl. Mobiliseer Kragte Teen Indiër-handelaars

**Te oordeel na berigte wat uit alle dele van die Transvaal ontvang word, blyk dit dat die Indiër-boikot hom reeds deeglik laat voel, aldus 'n persverklaring van die aksiekomitee van die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging wat onlangs gestig is.**

Die komitee is tans besig met voorbereidings vir die uitgee van 'n weekblad waarin berigte oor die boikot vervat sal wees en verwag word dat die eerste uitgawe hiervan teen Mei die lig sal sien. Binnekort sal daar ook 'n brosjure verskyn wat die boikot sal verduidelik en verdere inligting sal verskaf.

Reëlings word ook getref om die beweging as 'n maatskappy te laat registreer. Hierdie registrasie sal deur die Minister van Justisie bekragtig moet word. Die Provinsiale kongres moet egter nog sy goedkeuring hieraan heg.


Aansoeke sal eersdaags ingewag word vir 'n voltydse hoofsekretaris van die beweging. Die verklaring wys daarop dat daar baie fondse nodig is. Vir 1947 sal minstens £15,000 benodig word.

Daar sal ook binnekort pogings aangewend word om groter kwotas aan blanke handelaars beskikbaar gestel te kry.

## *Indiërs Stig Noodhulp*

Die boikotbeweging teen die Indiërs in Transvaal het reeds so doeltreffend geword dat die Indiese sakekamer verlede week besluit het om 'n noodhulpfonds van £100,000 te stig ter leniging van die nood van Indiërs wat deur die boikot uitgeskakel word, na Sapa berig. Origens sal die fonds aangewend word om beter betrekkinge tussen blankes en Indiërs te bevorder.

# RAMP SE SPORE



**Dit is nie die nes van versamelvoëls nie, maar die gevolg van die onlangse stormwinde in Brittanje wat die vloedreëns vergesel het. Die stormwinde het die hooimiedens van die boere met die grond gelyk gewaai. Hier kan gesien word hoe die hooi soos versiersels aan die telegraafpale hang. Dit was die ergste storms wat Brittanje in die afgelope drie eeue getref het.**

## *Flukse Boerseun Verongeluk*

MIDDELBURG. Tvl. — 'n Geweldige slag het vir kommandant en mev. Theo. Wassenaar, van Middelburgdorpkommando, getref toe hul oudste seun, Gerrie, gedurende die nag van 3 April die lewe gelaat het in 'n noodlottige motorongeluk.

Hy, met 'n aantal passasiers was terug op pad van Witbank, toe sy motor in botsing kom met 'n motor bestuur deur 'n mnr. Nel. Gerrie en 'n ou dame, mev. Tocknel, is op slag gedood terwyl haar twee dogters en 'n ander passasier ernstig beseer is en tans in die plaaslike hospitaal verpleeg word.

Die bestuurder van die ander kar is ook ernstig beseer. Hy was alleen.

Gerrie was 20 jaar oud, en lid van die Boerejeug. Hy sou een van die dae na die groot O.B. oorgeplaas word. Hy was 'n wakker en veelbelowende jongman, en die verlies vir sy ouers en familie en vir die O.B. is groot.

Die begrafnis het Sondag vanuit die Herv. Kerk plaasgevind, en 'n geweldige stoet het die lykwa gevolg. (Wyle mev. Tocknel is die vorige dag al begrawe). Ds. Dreyer van Witbank het die lykrede gehou, en by die graf het hoofkommandant C. M. Smith 'n kort maar besielende toespraak gehou.

Namens ons kommando ons diepste meegevoel aan die bedroefde ouers en familielede. (Korr.).

## *Spontane Oplewing Aan Rand*

Tenspyte van al die begrafnis-stories gaan die O.B. nog steeds voort van krag tot krag, soos weereens bewys is op 'n veldkornetskapsfunksie wat op Vrydag, 28 Maart, ten huise van veldkt. Beukman, in die Malvernwyk van komdt. Brits, gehou is.

Weereens het die O.B.-dames getoon dat waar dit op snoepcrye neerkom, hulle gelyke nie te vinde is nie, en hul vindingrykheid i.v.m. gebak in hierdie skaars tyd was werklikwaar vir die ongeveer 50 aanwesiges 'n verrassing.

**Die grootste gedeelte van die teenwoordiges was persone wat lankaas geskakel was, maar wat spontaan gereageer het toe die geleentheid hulle weereens gegee was om gesellig met hul kamerade te kan verkeer. O.a. was generaal Erlank en sy adjudant Hfkomdt. Meyer, ook teenwoordig.**

Hfkomdt. W. de Wet, organiseerder van gebied E, het die verrigtinge met 'n kort maar kragtige toespraakie geopen. Hfkomdt. De Wet het o.a. die feit beklemtoon dat die O.B. se krag beslis in die werkerskringe geleë is, en dat enige organisasie wat nie die steun va van die werker het nie, nimmer sal kan bestaan. Die belangrikheid van hierdie soort huisfunksies waar ons mense mekaar kan leer ken en waardeer is van onskatbare waarde vir die uitbouing van ons gemeenskaplike ideaal. Verder het Komdt. De Wet melding gemaak van die kenmerkende feit, dat oudgevangenes en geïnterneerdes, weer so spontaan doenig is in die Beweging, wat ongelukkig vir baie van ons diensdoende offisiere 'n vingerwysing is, vernaamlik diegene wat 'n bietjie laks geword het.

Die aand is besonder gesellig deurgebring met vleisbraai en allerhande soorte speletjies en die mooi bedraggie van £14 is ingesamel, danksy die onvermoeide ywer van Veldkornet(te) Beukman en haar helpers. (Korr.).